
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**SUID-AFRIKA SE GOUE SEUNS EN DOGTERS MAAK DIT IN DIE WÊRELD**
Zozi Tunzi, Siya Kolisi, Pretty Yende ...

1 Ons ken hulle. Party van hulle het oorsee gaan bly. Ander woon in Suid-Afrika. Maar hulle deel een ding: hulle is óns mense wat regoor die wêreld bekend is.

2 Christiaan Neethling Barnard, gebore 8 November 1922, is Suid-Afrika se bekendste hartchirurg. Hy het wêreldberoemd geraak toe hy in 1967 die eerste mens-tot-mens-hartoorplanting suksesvol in Kaapstad uitgevoer het. As gevolg van ernstige artritis in sy hande, kon hy teen 1983 nie langer as chirurg werk nie. In 2001 is hy na 'n asma-aanval oorlede. Sy Christiaan Barnard Stigting het baie arm kinders gehelp.

3 Dr. Imtiaz Sooliman is die stigter van een van die wêreld se bekendste humanitêre organisasies, Gift of the Givers. Hulle help mense wat swaarkry as gevolg van oorloë, vloede, aardbewings, ens. Alles het op 6 Augustus 1992 begin toe iemand vir Imtiaz gesê het dat hy 'n organisasie moet begin om mense van alle rasse, gelowe en politieke idees wêreldwyd te help. Van toe af het die organisasie mense regoor die wêreld al met R2,5 miljard gehelp. Imtiaz se kalmte, geduld en energie help hom om hierdie werk suksesvol te kan doen.




4 Charlize Theron is Suid-Afrika se "meisie van Benoni"! Sy is in 1975 daar gebore en het op 'n plaas buite die stad grootgeword. Sy het as jongmeisie na Amerika verhuis om 'n loopbaan as aktrise te volg. In 2004 het Charlize die Oscar gewen vir haar hoofrol in die fliek, *Monster*.

5 Sjef Jan Hendrik van der Westhuizen het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Terwyl hy vir 'n kostydskrif gewerk het, het hy dikwels oorsee gereis. So het hy die idee gekry om Suid-Afrikaanse geregte soos melktert, biltong en mosbolletjies aan Europa se mense bekend te stel. Sy liefde en talent vir kosmaak kom van sy ouma af. Vandag besit hy die restaurant, JAN, in Nice, Frankryk. Hierdie restaurant het in 2016 die Michelin-ster ontvang. Dit is 'n baie hoë toekenning wat net aan die heel beste restaurante gegee word.




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6 Zozibini Tunzi is in 2019 as Mejuffrou Heelal gekroon. Met haar kort hare en mooi vel het sy die tradisionele idee van hoe 'n Mejuffrou Heelal behoort te lyk, heeltemal verander. Dis vir haar belangrik dat jong meisies hulleself deur haar moet sien en moet besef dat elkeen mooi is. As gevolg van Covid in 2020 het Zozi die Mejuffrou Heelal-kroon eintlik vir 2 jaar gedra en so op haar eie geskiedenis gemaak.

7 Die wêreldberoemde opera-sopraan, Pretty Yende (39), het van kleins af kerkliedere saam met haar ouma gesing terwyl hulle kerk toe gestap het. Sy is die oudste van vier kinders en musiek is in hierdie kinders se bloed! Haar suster sing ook opera en haar twee broers werk albei as platejoggies wat musiek in klubs speel.



8 Pretty het aan die SA College of Music en die Universiteit van Kaapstad studeer. Sy het reeds in al die belangrikste operahuise ter wêreld gesing. Sy het verskeie pryse en ander toekennings ontvang. In 2013 het ons regering die Silwer Orde van Ikhamanga aan haar toegeken vir haar uitstekende werk as operasangeres én omdat sy so 'n goeie rolmodel vir jongmense is. 'n Baie spesiale hoogtepunt vir Pretty was toe sy op 6 Mei 2023 by Koning Charles III se kroning in Londen, Engeland gesing het.



9 Oktober 2023 ... Wêreldbekerrugby in Frankryk ... Die Springbokke wen die toernooi! Die kaptein ... Siyamthanda Kolisi. Hy is op 16 Junie 1991 in Zwide, Gqeberha gebore. Omdat sy ouers nog baie jonk was, het sy ouma hom grootgemaak. Sy is dood toe Siya 12 jaar oud was. Dit het sy lewe baie negatief beïnvloed. Hy is amper deur die tipiese swak omstandighede van armoede, geweld en misdaad in sy omgewing ingesluk. Maar dis veral rugby wat hom gehelp het om dit positief te hanteer. Rugby is Siya se lewe en in 2018 was hy die eerste swart Suid-Afrikaner wat kaptein van die Springbokke geword het. Hy het ook al vir Racing 92 in die Franse Top 14 gespeel. Siya glo nie net in ubuntu nie; hy leef dit uit. Deur sy Kolisi Stigting gee hy terug aan die gemeenskap.

10 Soveel individue, soveel sukses ... Suid-Afrika is trots op hierdie goue seuns en dogters!

[Verwerkte teks uit verskeie bronne]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 VOLTOOI die sin hieronder deur woorde uit paragraaf 1 in te vul.

Zozi Tunzi, Siya Kolisi en Pretty Yende is mense van (1.1.1) ... wat regoor die wêreld (1.1.2) ... is. (2)

1.2 Watter siekte het veroorsaak dat dr. Chris Barnard moes ophou werk? (1)

1.3 Watter EEN woord in paragraaf 3 sê vir ons dat Gift of the Givers 'n organisasie is wat mense help? (1)

1.4 In watter situasies gaan Gift of the Givers mense help? Noem TWEE. (2)

1.5 Vir watter fliek het Charlize Theron 'n Oscar gewen? (1)

1.6 Waaruit lei ons af dat sjef Jan Hendrik trots is op Suid-Afrika se kos? (1)

1.7 Watter boodskap wil Zozibini Tunzi graag aan ander jong meisies oordra? (1)

1.8 Hoe verskil Zozi se tydperk as Mejuffrou Heelal van ander wenners se tydperke? (1)

1.9 VOLTOOI die sin hieronder deur net EEN woord in te vul.

Die (39) in paragraaf 7 verwys na hoe ... Pretty Yende is. (1)

1.10 " ... musiek is in hierdie kinders se bloed!" (Reël 44)

1.10.1 Word hierdie woorde binne hierdie konteks LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. (1)

1.11 Pretty Yende het geen formele musiekopleiding gehad nie.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Hoe het die Suid-Afrikaanse regering Pretty vereer? (1)

1.13 Gee TWEE redes waarom Siya Kolisi se lewe as kind nie maklik was nie. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.14 Die mense van wie ons in hierdie teks lees, het almal baie sukses in die lewe behaal.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.14.1 Dr. Chris Barnard | A ontvang die hoogste erkenning vir 'n eetplek |
| 1.14.2 Dr. Imtiaz Sooliman | B beweeg in koninklike kringe |
| 1.14.3 Sjef Jan Hendrik | C gee vir siek mense nuwe hoop op lewe |
| 1.14.4 Pretty Yende | D bewys dat "anders" ook mooi kan wees |
| | E maak geen onderskeid tussen mense wat hulp nodig het nie |

(4 x 1) (4)

1.15 Lees weer paragraaf 3.

Wat sou jy vir dr. Sooliman en sy organisasie sê as jy die kans sou kry om met hulle te praat? (1)

1.16 Watter les oor keuses leer jy by Siya Kolisi? (1)

1.17 "Soveel individue, soveel sukses ..." (Reël 73)

Waarom is dit goed dat party van die individue van wie ons lees, erkenning gee aan hulle oumas? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**TEKS B**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# BESTEL JOU KOS AANLYN

## Waarna kyk mense wanneer hulle besluit wát en by wié hulle kos aanlyn gaan bestel? (2023)

**VERSKEIDENHEID**



**12%**

**TYD**



**15,4%**

**PRYS**



**14,5%**

**GERIEF**



**20,5%**


**AFLEWERING**



**8,9%**

## Volg die ses stappe hieronder ... en ontvang jou kos bý jou huis!


**1. Kry die app op jou foon gereed**




**2. Kies die eetplek**



**3. Bestel die kos wat jy wil hê**



**4. Wag geduldig**



**5. Ontvang die kos**



**6. Betaal vir die kos**




[Eie verwerkte teks]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.18 Watter faktor is vir mense die belangrikste wanneer hulle kos aanlyn wil bestel? (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wanneer daar 'n **verskeidenheid** is, beteken dit dat mense (elke keer dieselfde items moet kies/uit verskillende items kan kies). (1)

1.20 Wat móét jy op jou foon hê as jy kos aanlyn wil bestel? (1)

1.21 Kyk na die meisie wat by die eetplek werk.

Waarom kan ons sê dat sy 'n goeie werker by hierdie eetplek is? (1)

1.22 Verduidelik waarom dit goeie raad is om geduldig te wees terwyl jy vir jou kos wag. (1)

1.23 Waarom kan jy 'n grafiese teks soos hierdie een makliker verstaan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Jy is amper klaar met skool. Nou moet jy aan 'n loopbaan dink.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke WAT JOU SAL HELP OM 'N LOOPBAAN TE KIES, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**HOE KIES EK DIE REGTE LOOPBAAN?**

Een van die belangrikste besluite wat jy vir jou lewe na skool moet neem, is watter loopbaan jy gaan volg. Hier is belangrike wenke wat jou kan help om die regte besluit te neem.

Dit is belangrik dat jy weet wat jou belangstelling is. As jy nie hou van die werk wat jy gaan doen nie, gaan jy ongelukkig wees. Jy moet egter ook realisties wees en jou eie vaardighede in ag neem. Wat kan jy goed doen? Jy wil tog suksesvol wees in die loopbaan wat jy gaan volg.

'n Ander baie belangrike aspek om aan te dink, is of daar vir jou werksgeleenthede sal wees wanneer jy met jou loopbaan begin. Baie mense het al die fout gemaak om 'n sekere loopbaan te kies, maar kry dan nie werk nie. Hiermee saam moet jy uitvind watter tipe opleiding nodig sal wees vir die loopbaan wat jy kies. Moet jy 'n graadkursus volg, of is meer praktiese opleiding nodig?

Jy moet weet wat jou persoonlike doel in die lewe is. Gaan jou loopbaan jou help om uit te kom waar jy graag wil wees? Daarom is dit belangrik om ook te kyk na die geld wat jy gaan verdien. Jy gaan tog werk sodat jy vir jouself, en dalk vir 'n gesin, kan sorg. Daar is baie inligting oor verskillende beroepe beskikbaar. Jy moet egter seker maak of hierdie inligting werklik vir jou sê wat jy elke dag in jou loopbaan gaan doen.

[Verwerkte teks]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Verwerkte teks]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.1 Hou die teikengroep vir hierdie advertensie in gedagte.

3.1.1 Met wie word daar dirék in hierdie advertensie gepraat? (1)

3.1.2 Verduidelik waarom ons kan sê dat hierdie teikengroep 'n voorbeeld van stereotipering is. (1)

3.2 Watter inligting omtrent hierdie brood maak dat mense dit sal wil koop? (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met hierdie duimpie  wys die adverteerder vir ons dat mense (nie 'n fout sal maak om dié brood te gaan koop nie/'n fout sal maak om dié brood te gaan koop). (1)

3.4 Waarom, dink jy, was dit slim van die adverteerder om die foto van die dogtertjie te gebruik? (1)

3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van "goedkoop". (1)

3.6 Kyk na die inligting onder die prente.

3.6.1 Skryf VIER OPEENVOLGENDE WOORDE neer wat 'n **mening** is. (1)

3.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.6.1. (1)

3.7 Gee EEN WOORD vir "**man en kinders**" binne die konteks van hierdie advertensie. (1)

3.8 Waaruit kan ons aflei dat Albany graag wil weet wat mense van hulle produk dink? Skryf dit in jou eie woorde. (1)
**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit comicskingdom/zits]

4.1 In RAAMPIE 1 gee Jeremy vir sy ma 'n vorm van die skool wat ingevul moet word.

Hoe kan ons sien dat Jeremy nie in die vorm belangstel nie? Noem EEN visuele teken. (1)

4.2 Skryf die VERKORTING tussen hakies in RAAMPIE 1 voluit. (1)

4.3 Kyk na RAAMPIE 2.

4.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jeremy se ma se reaksie op dit wat Jeremy vir haar sê, sê vir ons dat sy (jammer gevoel het vir Jeremy/haar vir Jeremy vererg het). (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.3.1 deur te verduidelik wat die ma **doen**, **nie** wat sy sê **nie**. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die gebruik van die ellips in Jeremy se woorde sê vir ons dat hy (kwaad is vir sy ma/nie seker is wat hy moet doen nie). (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe weet ons dat Jeremy se ma nou anders teenoor hom optree? (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 4.

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Jeremy se ma sê vir hom dat hy **op sy eie bene moet staan**. Dit beteken dat hy ...

A meer oefening moet kry.
B moet leer om selfstandig te wees.
C min tyd het om die vorm te voltooi.
D moet staan sodat hy die vorm netjies kan invul. (1)

4.6 Hoe wys die **visuele** in RAAMPIE 5 dat Jeremy nie daaraan gewoond is om vorms in te vul nie? (1)

4.7 Jeremy se ma se optrede in RAAMPIE 6 is ironies.

VOLTOOI die sin hieronder:

Jeremy se ma wil hê hy moet die vorm self invul, maar ... (1)

4.8 Skryf die sin hieronder oor as 'n VRAAGSIN.

Dit is die mooiste wat jy kan skryf. (1)
**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**DROME VIR MY BOEKKLUB**

Thandeka Mandoyi van Phillipi se (5.1.1) (liefde+projek) is die Chosi Chosi Boekklub vir dié township se jong kinders. Saterdae kom sowat (5.1.2) (30) kinders in 'n hut naby Thandeka se huis bymekaar. Dan luister hulle (5.1.3) (...) die stories wat sy vir hulle voorlees. (5.1.4) (Thandeka sê: "My boekklub is die enigste leesplek wat die kinders het.")

Thandeka het in 2019 begin (5.1.5) (vir haar nefies en hulle maatjies uit 'n boek lees.) Hulle het dit baie (5.1.6) (verniet/geniet) en wou net meer hoor. (5.1.7) (Verlede jaar besluit sy om haar leeskring uit te brei.) (5.1.8) (Daar het so baie kinders gekom. Sy het die bure se hut as haar leeskamer ingerig.) Daar is 'n plank op (5.1.9) (bakstene) wat haar boekrak is en mooi prente teen die mure.

Phillipi is 'n (5.1.10) (veilige) plek vir kinders. Daar is baie (5.1.11) (*gangs*) wat gereeld op mekaar skiet. (5.1.12) (Deur) die stories wat Thandeka vir die kinders lees, leer hulle ook van ander dinge. Dit wys vir hulle dat daar (5.1.13) (goed) dinge buite hulle eie wêreld is.

Thandeka is nou op soek na 'n groter plek vir haar boekklub, meer boeke en nog meer kinders wat na haar stories luister.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 14 Desember 2023]

5.1.1 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Thandeka Mandoyi van Phillipi se (liefde+projek) is die Chosi Chosi Boekklub vir dié township se jong kinders. (1)

5.1.2 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Saterdae kom sowat (30) kinders in 'n hut naby Thandeka se huis bymekaar. (1)

5.1.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Dan luister hulle ... die stories wat sy vir hulle voorlees. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.4 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE. Jy moet **dat** in jou sin gebruik.

Thandeka sê: "My boekklub is die enigste leesplek wat die kinders het." (1)

5.1.5 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Thandeka het in 2019 begin (vir haar nefies en hulle maatjies uit 'n boek lees.) (1)

5.1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hulle het dit baie (verniet/geniet) en wou net meer hoor. (1)

5.1.7 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Verlede jaar besluit sy om haar leeskring uit te brei. (1)

5.1.8 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Daar het so baie kinders gekom. Sy het die bure se hut as haar leeskamer ingerig. (Aangesien) (2)

5.1.9 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Daar is 'n plank op (bakstene) wat haar boekrak is en mooi prente teen die mure. (1)

5.1.10 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Phillipi is 'n (veilige) plek vir kinders. (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE Afrikaans vir "*gangs*". (1)

5.1.12 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

(Deur) die stories wat Thandeka vir die kinders lees, leer hulle ook van ander dinge. (1)

5.1.13 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit wys vir hulle dat daar (goed) dinge buite hulle eie wêreld is. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2 Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: googleimages]

5.2.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die kinders se (hemp) lyk dieselfde. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die kinders gooi die gemors in sakke. (1)

5.2.3 Gee die VERLEDE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die kinders gooi die (gebruik) blikkies in die sakke. (1)

5.2.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is 'n lae (heining) om die parkie. (1)

5.2.5 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Die kinders is al klaar met die werk. (1)

5.2.6 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Die twee kinders werk (fluks) (in die parkie) (elke Saterdag). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African